moreleta kerk

sedert 1985

Lees saam: Johannes 17:13-23

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Die Great reeks - Saam Werk!
2 Februarie 2025

Ds. PC Pretorius
pc@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Die Here se doel was nooit dat Christene alleen funksioneer nie. Ons as Christene ondersteun mekaar in moeilike tye en vier saam fees oor al die wonderlike dinge wat die Here in ons lewens kom doen.

Die voorbeeld wat Jesus vir ons op aarde gestel het was ook een van saamwees en mense intrek. As ons kyk na die Handelinge Kerk het die gelowiges ook bymekaar gekom en saam geleef.
Hoe kan jul as Kring meer in mekaar se lewens inbou? Hoe kan jy jou Kring mobiliseer om meer in mekaar in te bou? Hoe kan julle as Kring meer by die gemeenskap inbou en so ook nie-Kringlede kry om 'n dissipelskap pad saam te stap?

Gesels saam

"No church can do missions alone. Churches must work together to plant, support, and multiply disciples, because the mission of God is bigger than any single congregation."
Ed Stetzer – Planting Missional Churches

Jesus se gebed in Johannes 17:21, waar Hy gebid het vir eenheid onder sy volgelinge was primêr: "sodat die wêreld kan glo."
Gelowiges wat saam werk beliggaam hierdie eenheid en demonstreer aan die wêreld die kollektiewe krag van die kerk deur die Heilige Geesilige Gees wat ons saambind.

"We've strayed so far from what Church was meant to be. We need to come together, love one another, and reflect the unity that Jesus prayed for."
Francis Chan – Letters to the Church

1. Glo jy die doel van 'n dissipels van Jesus is om na-binne of na-buite gerig te wees in jou gemeenskap?
2. Hoe gaan jy persoonlik dit regkry om hierdie week na-buite gerig te lewe met jou getuienis as dissipel van Jesus?

1 Petrus 4:10
"Volgens die genadegawe wat elkeen ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien as goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God."
Hoe meer 'n gelowige leer om met ander in die liggaam van Christus saam te werk, hoe meer groei hulle in geloof en liefde.

Doen saam

Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte (Joh. 17:13-23) waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Bid saam

Bid spesiaal vir ons gemeente, julle Kring en vir die gemeenskap.
Vra dat die Here vir elkeen sal wys hoe julle meer in mede-Christene se lewens kan deel raak?
Bid vir al die mense met wie ons gemeente hande vat sodat die Here se Koninkryk vergroot en versterk.